# Cachet-biljet

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

*21 Februarie 2021*



**www.gkcachet.org.za**

| **Afrikaanse Eredienste** | **English Worship Service** |
|---|---|
| Sondae 09:30 en 18:00<br>In die Gemeentesentrum (GS) op<br>NWU Kampus, Hoffmanstraat 28 | Sundays 10:45<br>In the Church House on the<br>NWU Campus, 28 Hoffman Street |
| **Kerkkantoor** | **Predikant** |
| Dinsdae en Vrydae 08:30-12:00<br>Lulu Coetsee – 018 294 4894;<br>079 4949 7360 | Ds. Brahm Robinson – 064 656 1374;<br>brahmrobinson@gmail.com |

## Kontakpersone & Inligting

**Hulppredikante:**
Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

**Pastorale berader:**
Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

**Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):**
Nardus Buys – 076 413 7273
nardusbuys14@gmail.com

**Susters:**
Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

**Jubila-voorsitter:**
Estmia van der Walt – 078 625 7400
estmia.hm@gmail.com

**Koster en Powerpoints:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Stuur enige inligting vir die *Cachetbiljet* na:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Vervoer na eredienste en kerkaksies:**
Zard Aucamp –
061 638 5247

**Bankbesonderhede:**
Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van

**Erediens preke en oordenkings:**
http://gkcachet.org.za/preke/

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**
https://npwepener.wixsite.com/website

# Oggenddiens

## Prof Albert Coetsee

Skriflesing: 1 Tessalonisense 5:1-11

Tema: Waaksaam en nugter in die lig van ons Here Jesus se koms!

Sing:

- Ps. 108-1: 1, 2
- Ps. 46-1:1, 3, 6
- SB. 12-3 [72]:1, 2
- SB. 15-6 [42]:3, 5
- Ps. 73-1:9, 15
- SB. 7-2 [69]:1, 2

Uitsending: Oggenddiens

# Aanddiens

## Ds Brahm Robinson

Skriflesing: 2 Petrus 1:16-21

Tema: Daar is niks meer seker of nodig as die Here se Woord nie

Sing:

- SB. 1-6:1, 2, 3
- Ps. 48-1:1, 2, 4, 5
- Ps. 12-1 [71]:2, 3, 6, 7
- Ps. 119-1:12, 19, 33, 39, 54

Uitsending: Aanddiens

# Preekskets (Oggenddiens)

Die wêreldwye pandemie veroorsaak vrees by baie mense. Voeg 'n bietjie fopnuus by oor entstowwe en regerings se geheime agendas, dan raak dinge nog erger. Verskeie teorieë word versprei oor die "laaste dae" en die wederkoms van Christus. Of daar waarheid daarin steek of nie, dit laat ons onsself die vraag afvra: Is ons reg vir Christus se wederkoms? Is ons gereed? Ons moet wees, want die Skrif leer baie duidelik:

**ONS HERE JESUS KOM SO ONVERWAGS SOOS 'N DIEF IN DIE NAG**


Paulus skryf dat dit nie eens vir hom nodig is om gelowiges daaraan te herinner dat Jesus se wederkoms so onverwags soos 'n dief in die nag sal wees nie. Jesus self het so gesê (vgl. Matt 24:36,43). Juis omdat niemand weet wanneer Hy weer kom nie, kry ons die opdrag:

**ONS MOET WAAKSAAM EN NUGTER WEES!**

Ongelowiges sal onverwags deur die wederkoms betrap word – maar gelowiges nie. Of altans, gelowiges behoort nie onverwags deur die wederkoms betrap te word nie. Hoekom nie? Want gelowiges moet waaksaam en nugter wees. Ons moet altyd gereed wees vir die Here se koms. Ons moet helderheid hê oor wat God ons hieroor leer in die Skrif, en nie deur allerhande teorieë mislei word nie. Hierby ontvang ons die troos:

**ONS HET NIKS TE VREES VIR JESUS SE WEDERKOMS NIE**

Terwyl die wederkoms vir die ongelowige 'n absolute vreesaanjaende dag sal wees, het gelowiges niks om te vrees nie. Hoekom nie? Want God het ons nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word. Die Een wat as Regter kom om te oordeel, is presies dieselfde Een wat destyds gekom het om ons te verlos. Ons Regter is ook ons Verlosser! En Hy het ons volkome verlos – soveel so dat wanneer ons op die oordeelsdag voor Christus sal verskyn, dit sal lyk of ons nog nooit gesondig het nie. Daarom het ons niks te vrees nie. Die uiteindelike vraag is egter: Glo ons dit?




## *Lief en Leed:*





## Liefdegawes:

**Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:**

| Vir die werk van die diakonie: | |
|---|---|
| Snapscan vir die eerste kollekte:<br>SnapScan<br>PXMP46287<br>Snap here to pay<br>[https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287](https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287) | **Oggend 1ste kollekte:**<br>Kerklike tydskrifte<br><br>EFT vir kollektes:<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Kerklike tydskrifte<br>(deponeer elke kollekte apart) |

| Vir die werk van die diakonie: | |
|---|---|
| Snapscan vir tweede kollekte:<br>SnapScan<br>PVA181324<br>Snap here to pay<br>[https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324](https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324) | **Aand 2de kollekte:**<br>Diens van Barmhartigheid<br><br>EFT vir kollektes:<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Diens van Barmhartigheid<br>(deponeer elke kollekte apart) |

| Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening: | |
|---|---|
| Snapscan vir maandelikse bydraes:<br>SnapScan<br>5kcTaV-I<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I | ABSA Tjekrekening<br>0670340023<br>Takkode: 335138<br>Verwysing: Naam, van en wyk |

# VERJAARSDAE:

**21 Februarie Mijon Potgieter**



**21 Februarie Düter Struwig**

**26 Februarie Elzari Skinner**



Van al wat leef, is U die bron;
van alle lig, die eewge son
wat afstraal in ons oë.
Psalm 36:3a

# Administratief

## 1. Fees(fiets)toer

Die fietstoer vind plaas vanaf 18–21 Maart 2021. Ons gaan ry vanaf Potch na Zorgvliet ('n plaas naby Tweeling/Frankfort). Enige iemand is welkom (nie-fietsryers ook)! Daar is nog enkele plekke beskikbaar, skryf asseblief so gou as moontlik in.



## 2. Eerstejaarskamp

Die eerstejaarskamp word hierdie jaar aanlyn aangebied (of in kleiner groepe by die GS). Dit vind plaas 4–7 Maart. Indien jy wil deelneem as senior en deel word van die buddy-sisteem vir die eerstejaars, registreer asseblief op die skakel in die Cachetbiljet. Nooi ook asseblief voornemende eerstejaars!

# My kerklike bydrae

**Ds. BCG Fourie**

My kerklike bydrae is veronderstel om in alle opsigte 'n dankoffer te wees. Ek moet dit van harte en gewillig gee, aan God, as 'n sigbare en tasbare getuienis van my godsdiens. Dit is jammerlik dat juis die vrywillige bydraes uit dankbaarheid in soveel kerke 'n tameletjie is en word, want die saak van die bydraes veroorsaak dikwels 'n onnodige wroeging en stryd!

Aan die eenkant is daar die lidmaat wat hierdie geld mis, wat soms uit pure nalatigheid of eiewilligheid, dikwels met 'n handvol selfregverdiging, nie 'n bydrae gee nie. Aan die anderkant is daar ouderlinge wat net met groot moeite en vrees vir stryd, ook met deernis vir lidmate met wie dit opvallend swaar gaan, hierdie saak aanroer.

**Ou-Testamentiese agtergrond**

Ons praktyk van kerklike bydraes kom uit 'n eeue-oue offerpraktyk in die Ou Testament, selfs nog ouer as die voorskrifte in die Wet van Moses. Kain en Abel het al hulle offers gebring (Gen 4:1-5) uit hulle leefwêreld en opbrengs. Noag (Gen 8:20, 21) het sy dankoffer gebring. Abraham het 'n offer van tiendes aan Melgisedek aangebied (Gen 14:18-20) en Jakob het belowe om 'n tiende van alles wat die Here aan hom gee, as 'n dankoffer terug te gee (Gen 28:22).

Die gee van tiendes uit die opbrengs en uit die individu se *besit* word in die Mosaïese wette vasgestel (Lev 27:30-33; Num 18:21-32; Deut 12:5-18; 14:22-29). Sonder om in fyn besonderhede hierop in te gaan, die volgende:

- Die tiendes is uit die opbrengs van die individu se arbeid gegee.
- Die tiendes is by die sentrale heiligdom afgedra.
- Die tiendes was nie die enigste offers wat die Israeliete gebring het nie!
- Die Leviete, en so die priesters ook, het van hierdie tiendes geleef.
- Gemeenskap van die gelowiges is aangewakker deur die bring van tiendes, want hulle moes sekere van die tiendes as families en ook saam met die Leviete en priesters by die heiligdom eet.
- Barmhartigheid is verleen aan armes, weduwees ensovoorts, by wyse van die tiende wat elke derde jaar (elke derde tiende) in die plaaslike gemeenskap afgedra is (Deut 14:28, 29).
- In die koningstydperk moes die volk 'n tiende aan die koning afdra, wat weer verantwoordelikheid geneem het vir die onderhoud van die heiligdom.
- Wanneer die volk nie die tiendes gebring het nie, was dit 'n teken van afvalligheid, eiewilligheid en growwe ondankbaarheid teenoor God (Mal 3:7-12). God het sy toorn hieroor belowe.

**Nuwe-Testamentiese praktyk**

In die Nuwe Testament val die klem op die vryheid van die gelowige (vgl. Rom 14), ook met betrekking tot dit wat hy/sy as 'n offer gee (so alreeds deur die kerkvader Irenaeus verklaar). In Matteus 23:23 en Lukas 11:42 veroordeel Jesus juis die puntenerigheid van die Fariseërs wat tiendes van kruisement en wynruit gee, maar juis die geregtigheid en die liefde vir God verontagsaam. Hy sê: "Juis hierdie dinge moet 'n mens doen en die ander nie nalaat nie." Die klem in sy woorde val op geregtig-heid en liefde, waaraan die "ander dinge" ondergeskik gestel word.

In Nuwe-Testamentiese lig word die dank van die gewer nog meer beklemtoon, wat sy gawe van harte en gewillig gee (vgl. Hand 4:34). Deur hierdie gawes word voorsorg getref vir die onderhoud van die dienaars van die evangelie (*honor* en *honorarium* in 1 Tim 5:18; vgl. ook Fil 4:10-20 en 1 Kor 9:13, 14). In 3 Johannes word dit juis as sondig

uitgemaak dat iemand in die gemeente die onderhoud en sorg van die evangeliedraers wil verhinder.

**Praktiese oorwegings**
In die res van hierdie artikel word praktiese oorwegings belig met betrekking tot die gee van my kerklike bydrae.

TOT EER VAN GOD - My gesindheid waarmee ek gee moet beheers word deur die eer wat ek aan God wil gee. My bydrae is praktiese eer aan God, praktiese godsdiens in my plaaslike kerk. In die plaaslike kerk moet die lig nie verhinder word om te skyn nie. In die lig hiervan is 'n afknyp-bydrae of nalatigheid sonde en aantasting van die eer van God. Om nie te wil teruggee van dit wat God aan my gee vir my lewensonderhoud en optrede in hierdie wêreld nie, is growwe ondankbaarheid.

NOG VOORDAT EK BEGIN LEEF - Die Israeliete moes eers hulle tiendes afdra voordat hulle enigiets van die opbrengs vir hulle eie lewensonderhoud kon aanwend (Lev 23:14). Dieselfde geld van ons kerklike bydraes. Die bydrae moet eerste en eers afgedra word voordat my persoonlike begroting in werking gestel word. Die bydrae vorm nie maar net deel van die begroting nie, maar gaan dit voor.

Dit lê op die gewete van die gelowige of hy wil bydra uit sy inkomste voor belasting of na belasting. Wel tog voor my huispaaiement, motorpaaiement, kruideniers- en klere-aankope, kredietkaartrekening en brandstof. 'n Egte kerklike bydrae is iets waarsonder ek leef.

GEREELDE BYDRAE - Baie bydraestate van die kerk lyk soos die haasbek van 'n graad eentjie soos al die nulle vir verskeie maande daar paradeer. Die verskoning is dikwels swak ekonomiese omstandighede, verhoogde kostes, ensomeer. Die ware redes, soos swak finansiële bestuur, spandabelrigheid, suinigheid en selfsug word nie dikwels gehoor nie. Prakties geld die reëling: As jy eet, moet jy 'n bydrae ook kan gee! Anders moet 'n mens darem deur die diakonie versorg word as jy werklik geen bydrae kan gee nie. Dit bly 'n gewetensaak en ek wonder hoeveel kan werklik met 'n geruste gewete gaan slaap!

Kerklike bydraes moet ter voorsorg gegee word. Daarom dra mens by met die oog op die maand wat voorlê, nie met die oog op die maand wat verby is nie (vgl. weer Lev 14:23). Dit is eties onaanvaarbaar dat 'n bank moet voorsorg tref vir die onderhoud van die kerk deur middel van 'n oortrokke fasiliteit terwyl dit die verantwoordelikheid van die lidmate is!

Dit is ook skokkend dat van ons dominees met sy traktement-tjek in sy sak moet rondloop tot ná die helfte van die maand, omdat daar nie geld in die kerk se tjekrekening is om die tjek te honoreer nie. 'n Predikant se traktement word ook maandeliks vooruit gegee, sodat hy in die maand wat kom, daarvan kan leef. Die traktement van die predikant kom net so uit die bydraes. Lees gerus Numeri 18:11, 21, 24, 26; 1 Timoteus 5:18. Dit is verbasend en tekenend van swak kommunikasie met lidmate van kerkraadsweë dat sommige lidmate dink die sinode betaal die predikant, of 'n ander instelling.

EERVOLLE BYDRAE - Hoeveel moet ek nou werklik gee? Watter persentasie? Moet ek 'n tiende bydrae van my inkomste? Alhoewel ons met die perspektief van die Nuwe-Testamentiese vryheid leef, is daar nie werklik getuienis in die Skrif wat sê dat dit *nie* 'n tiende moet wees nie! Ons laat ons in ons heiligmaking en praktiese etiese lewe tog lei deur die *gees van die Wet*.

Lidmate kan gerus keuriger te werk gaan met die bepaling en werklike gee van hulle bydrae. Sonder om nuwe wette of reëls in te voer, dink ook daaraan om uit my jaarlikse bonus, my vrou se inkomste, opbrengs uit beleggings en polisse *ook* 'n bydrae te gee! En

hou gerus tred met veranderende lewenskoste en omstandighede deur aan dié wat van die bydraes afhanklik is, ook te dink deur middel van 'n jaarlikse of gereelde verhoging.

'n Keurige bydrae is 'n bydrae wat ek aan my sak kan voel, geld wat ek mis. As ek gemaklik sonder die geld kan klaarkom wat ek as 'n bydrae aanbied, moet ek dalk weer besin oor die keurigheid daarvan!

KERKLIKE TOESIG - Die sorg van en toesig oor kerklike bydraes is die ampswerk van die ouderlinge (vgl. Bevestigingsformulier). Hulle moet nie huiwer om vermaning en tug te bedien oor die onordelikes, hardvogtiges en nalatiges nie. Dit is ook hulle verantwoordelikheid om keurig toesig te hou oor hierdie aspek van die lidmate se sigbare godsdiens. Lidmate behoort ook van hulle kant aan te dring op keurige bestuur van inkomste en uitgawes, en aktief daarin belangstel.

Baie kerke het die praktyk om *beloftes* van bydraes te in by lidmate. So 'n praktyk is aan te beveel, aangesien die kerkraad so met meer sorg kan begroot.

MOET DIE DIAKEN MY BYDRAE KOM HAAL? - Die sorg oor bydraes is die ampswerk van die ouderlinge. Voorts behoort die lidmaat self sy bydrae na die kerk te bring (vgl. Deut 12:5, 6, 11). Dit is gesonde praktyk om vir die diakens wel inligting oor bydraes te gee sodat hulle betyds 'n aanduiding kan kry van waar nood heers en die probleem vroegtydig kan aanspreek.

KAN 'N KERKLIKE BYDRAE MET 'N AFTREKORDER OF DEBIETORDER AFGEDRA WORD? - Sommige kerkrade het die praktyk op versoek van lidmate ingevoer om betaling deur middel van bogenoemde stelsel te fasiliteer. Dit vergemaklik wel die vordering van bydraes en hou dit op 'n gereelde basis. Dit is egter 'n koue en kliniese praktyk. Sou dit nie veel beter wees om jou bydrae in 'n huisgodsdiens saam met die gesin te besluit en deur te gee onder Skriflesing en gebed nie?

WAT VAN KOLLEKTES? - Kollektes of bydraes vir barmhartigheid kan ook as deel van my tiende beskou word (vgl. Deut 14:28, 29). Dit is keurige praktyk om te begroot vir die weeklikse kollektes, die regte denominasies vooraf by die bank te kry (selfs maandeliks vooruit) eerder as om op 'n Sondag na willekeur by te dra deur vinnig in die beursie te krap en te sien wat daar is. Waar deurkollektes geïn word, kan kerkrade meer doen om betyds en vooraf inligting deur te gee wie en wat sal baat by die inkomste. Dit is ook 'n vorm van kerklike bydrae wat so afgedra word.


'N SAAK VAN GELOOF - Ten diepste bly die gee van 'n keurige kerklike bydrae 'n saak van die geloof en die gewete. Let op Maleagi 3:10 - "Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe en sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie." Dit vat geloof om God op sy Woord te neem en die volle tiende te bring ...

HOE 'N GROOT GEMEENTE IS UITEINDELIK 'N LEWENSVATBARE GEMEENTE? - Dit sou 'n blye dag wees as al die lidmate die dag 'n keurige kerklike bydrae lewer! As 20 lidmate egter argumentsonthalwe 5% van hulle besit as 'n bydrae gee, kan hulle alreeds 'n predikant onderhou op dieselfde lewensvlak en -gehalte as die deursnee lidmate. 'n Volgende 10 sou die ramings kon onderhou, nog 10 die geboue en administrasie, 'n volgende 10 die kerk se roeping na buite bekostig, en nog 10 voorsorg tref vir uitbreiding. Sestig bydraende lidmate of gesinne kan dus al 'n lewensvatbare en lewenskragtige gemeente wees! Het ons nie tog maar meer daadkrag en geloof nodig nie?


Beste gemeente,

Hiermee 'n halfjaarverslag van ons begroting wat van Julie 2020 tot Junie 2021 verloop. Ons plaas dit in perspektief met die eerste semester van die jaar sodat ons ook die hele 2020 kan sien.

Ons uitgawes hierdie jaar het naby ons beplande inkomste verloop, behalwe vir November en Desember waar die uitgawes meer was vir bonusse en die herstel van die orrel. Ja, julle het reg gelees. Ons orrel is herstel en weergalm weer met 'n suiwer klank.




Tydens Junie, Julie en Augustus het was die maande wat die bydraes die meeste was. Dit was veral nadat ons al in Aprilmaand waargeneem het dat verskeie van ons inkomste gedaal het. Die Vlak 5 inperkings het almal geraak en ons kon byvoorbeeld nie ons huur invorder nie. Daarom het ons in 'n brief vir finansiële hulp gevra en in die maande daarna het ons bydraes genadiglik toegeneem. In Juliemaand het ons ook besonderse skenkings ontvang. Ons is die Here dankbaar dat hy voorsien het deur sy kerk in die tyd van nood.




Met die oog geskiet sal jul merk dat kerklike bydraes vanuit die gemeente so 'n helfte van ons inkomstes is. Regdeur die jaar het ons aantal lidmate wat bydraes gebring het, gewissel tussen 43 en 81 per maand. Op die piek is dit dan slegs 'n kwart van 'n gemeente van sowat 300 lidmate wat 'n kerklike bydrae bring. Indien iemand verder wil lees oor kerklike bydraes moedig ons jou aan om die volgende brief te lees wat as toerusting gedeel is in een van ons mede-gereformeerde gemeentes. Die toepassing by ons is nie in alle opsigte dieselfde nie, maar dit is waardevol om by ander te leer.

Indien daar enige vrae is, is jy welkom om die Finansies en Eiendomskommissie te nader.

Jul broeder in Jesus Christus,

Willem van der Meer




Met opgewondenheid en blydskap nooi ons u hiermee uit om deel te wees van ons Jubeljaar ter viering van Gereformeerde Kerk Cachet se 50 genadejare.

Enige en alle lidmate van Cachet (hede en verlede) word hiermee opgeroep om saam te kom feesvier!

Die volgende geleenthede word beplan:

| | |
|---|---|
| •DV 18 – 21 Maart 2021: | Fees(fiets)toer na Zorgvliet |
| •DV 23 – 27 April 2021: | Feesstap te Kingdom Trail |
| •DV 29 April 2021 – 17 Junie 2021: | 50dae Uitdaging |
| •DV 17 Junie 2021: *(Amptelike verjaardagdatum)* | Lofsangaand |
| •DV 27 – 29 Augustus 2021: | Feeskamp te Nooitgedacht |
| •DV 1 – 3 Oktober 2021: | Feesnaweek en Dinee |

*Navrae kan gerig word aan die kerkkantoor by 0794947360.*




[Eerstejaarskamp 2021 inskrywingsvorm (Seniors)]




[Eerstejaarskamp 2021 inskrywingsvorm (Eerstejaars)]


CACHET FEESSTAP
2021
Kingdom Trail
Cachetters, oud-Cachetters
en vriende van Cachetters
is almal welkom!
23 - 27 April 2021
R790 per persoon
Sluitingsdatum 31 Maart 2021
VIR VERDERE INLIGTING EN DIE INSKRYWINGSVORM
VOLG DIE MEEGAANDE SKAKEL

# Cachet Fees 2021

Hierdie jaar sien ons uit om die Kingdom Trail net anderkant Witbank aan te pak. Dit is 'n vierdagroete waar jy jou eie sak saamdra. Die geleentheid is vir Cachetters, oud-Cachetters en vriende van Cachetters. Hier is die skakel tot die inskrywingsvorm: https://forms.gle/6Cc6LZM2jdaX9bsLA

Die datum van hierdie avontuur is 23-27 April 2021. Ons kry mekaar die Vrydag 23 April om 17:00 by die Slagthoek huis. Die eerste dag van stap is 24 April. Die oornaghutte is soos volg:

23 April – Slagthoek
24 April – Grootdraai
25 April – Kingdom
26 April – Klipkamp

Ons slaap nie die laaste stapdag oor nie en keer 27 April huiswaarts.

Indien jy meer inligting oor die roete verlang, gaan loer gerus na: https://www.kingdomtrails.co.za/trails.htm

Die verblyfkoste en toegangkoste is R790 per persoon. Om jou plek te bevestig, moet jy 'n deposito van R400 betaal. Jou plek word geensins as bevestig beskou al het jy die vorm ingevul nie. Daar is ook beperkte plek so die toedien wat plekke gaan op eerste betaling plaasvind. Die volle bedrag moet teen 31 Maart 2021 betaal word. Stuur die bewys van betaling per e-pos na willem.vdmeer96@gmail.com stuur. Die bankbesonderhede is soos volg:

WA van der Meer
Absa Tjekrekening
4063928071
Takkode – 632005
Verwysing – JouNaamVanKingdom

Die koste hierbo sluit nie vervoer in nie. As 'n riglyn kan jy begroot op so R200 indien vier mense per kar ry vanaf Potchefstroom en terug. Kos is ook selfsorg en kan jou tipies R400-R500 uit die sak haal vir 'n vierdagstap.

Vir nog vrae kan Willem van der Meer by 073 021 6871 gekontak word.

# Piekniek


DINSDAG 23 FEB

17:00-18:30

BY DIE OEWERSIG PARKIE

BRING 'N KOMBERS, BORDSPELETJIES EN EET-EN DRINKGOED SAAM.

AS JY VERVOER NODIG HET KONTAK STEPHAN BY: 0843501569



# Cachet-klerasie

Church merch is hier,
bestel nou!

Bestellings is oop tussen
21 Februarie en 7 Maart 2021

Bestellings kan gepos word (teen R60) of
na eredienste afgehaal word by Archellé

Om bestellings te plaas, volg die skakel of
kontak Archellé by 082 944 2040









SOFT SHELL BAADJIES
IN NAVY BLOU
R355

BUFFS
R35



BUCKET HAT
R65

HOODIES
IN NAVY BLOU
R255


BETALINGS SLUIT
7 MAART 2021
EFT DIE BETALINGS NA
GK CACHET JUBILA
FNB TJEKREKENING
250655
62849324687
E-POS DIE BEWYS VAN BETALING
NA CACHETJUBILA@GMAIL.COM
PRYSE IS ONDERWORPE AAN
VERANDERING ELKE KEER AS
BESTELLINGS OOPMAAK,
AFHANGEND VAN VERSKAFFERS
SE PRYSE


Kom sing saam !
Kersang
Paassang
Musiekaande
Sommer-net-vir-die-lekker
Kontak: Minette van Vuuren
084 580 4002
Cachet
Minuet

# GOD SE GENADIGE VERKIESING

*Onderrig en troos van die Dordtse Leerreëls*

Redakteur: Francois P Viljoen

Medewerkers: Sarel P van der Walt, Griffel van Wyk, Albert J Coetsee, Braam (AJ) Krüger, Brahm (CB) Robinson

Hierdie publikasie bied die historiese konteks, en die toeligting, besinning en prediking van die Dordtse Leerreëls.

Die volgende temas kom aan die orde:

- *die historiese konteks van die Dordtse Leerreëls, met spesifieke verwysing na die "Voorwoord" en "Besluit";*
- *God se voorbeskikking;*
- *die dood van Christus en die verlossing van die mense deur sy dood;*
- *die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind; en*
- *die volharding van die heiliges.*
- *Die vertroue is dat hierdie publikasie daartoe sal bydra dat die rykdom van die Dordtse Leerreëls opnuut in ons kerke en huise waardeer sal word.*




**R95-00**

Bestellings:

Besoek gerus ons webblad: www.ptpboeke.co.za of Facebookblad (Potchefstroom Teologiese Publikasies) vir meer inligting oor ons publikasies.

Bestel by: Petro Kroeze, Administratiewe Buro

Tel: 018 297 3986; faks 018 293 1042; e-pos: bestellings@gksa.co.za

# Webinar



**Saturday 20 February 2021**

**08:30 to 12:00**

**Register on our website**
gksamissio.co.za/webinar-saturday-20-february-2021/

**Or contact us:**
kantoor@gksamissio.co.za

**Whatsapp/SMS 061 519 6166**

## The Lord Jesus Christ, our hope.

**PROGRAM**

08:30 Welcoming – Awie Verhoef

08:35 Scripture and prayer – Prof. Koos van Rooy

08:50 Handing a book to his tribute to Prof. Koos van Rooy – Rob van der Kooy

09:05 Session 1: *The Lordship of the sovereign Christ in a time such as this; key Biblical principles* – Dr. Flip Buys

09:50 Session 2: *Introducing unique opportunities for the ministry during the Covid-19 pandemic – the way forward?* – Prof. Gert Breed

10:10 Session 3: *Discussions and report back* on unique opportunities on a way forward – break away groups.

11:10 Summary and possible first steps – panel lead by Griffel van Wyk.

11:30 – 11:40 Word of thanks and Closing prayer – Awie Verhoef

**Join us to reflect on the opportunities and challenges for preaching the gospel in times of crisis, as we are experiencing with the Covid-19 pandemic.**

REFORMED CHURCHES IN SOUTH AFRICA
MISSIONS DEPUTIES

expando

https://gksamissio.co.za/webinar-saturday-20-february-2021/

# GK Cachet Kalender: Februarie 2021

CACHET 50 years
GEREFORMEERDE KERK
REFORMED CHURCH

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 31 Jan. | 1 Feb. | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20<br>Koningskinders: Bosberand |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28<br>Rooipoortjie | 1 Mrt. | 2<br>Koffiekroeg (@ 19:00) | 3 | 4 | 5<br>Konings-kinders-aksie<br>(@ 13:00) | 6 |